COMMUNITY NEWSPAPER

PRICE R17.50

10 November 2026

Gans Berg Nuus/News

329 Edition

Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Hermanus, Stanford

Blompark Ikamva en i-MED Vision | Outdoor Adventure Expo | Ikigai-tuin steel die

Vier verdagtes ná KFC-rooftog aangekeer



Gansbaai SAPD se Speurtak verdien beslis 'n groot pluimpie vir hul flinke en doeltreffende optrede ná die gewapende rooftog by KFC (Kentucky) in Gansbaai laatmiddag op Vrydag, 6 November 2026. Lt.kol. Janse van Rensburg het bevestig dat al vier die verdagtes reeds aangekeer is - drie op Saterdag, 7 November, die dag ná die rooftog, en die vierde een op Sondag, 8 November. 'n Vuurwapen is ook teruggevind.

Die rooftog het plaasgevind toe die gewapende rowers KFC geteiken en daarna te voet op die vlug geslaan het. Danksy die speurders se vinnige optrede is al vier verdagtes binne 48 uur ná die voorval in hegtenis geneem. Die verdagtes het op Dinsdag, 10 November 2026, hul eerste hofverskyning in Hermanus gemaak.

Die Gansbaai Gemeenskapspolisiëringsforum, onder voorsitterskap van Riaan Booysen, wil graag die SAPD in die openbaar bedank en gelukwens met die flink arrestasies. Hul toewyding om ons gemeenskap veilig te hou, word opreg waardeer.

Gansbaai SAPD se Speurtak verdien erkenning vir hierdie flink optrede. Dit is gerusstellend vir die gemeenskap om te weet dat daar toegewyde speurders is wat vasbeslote is om misdaad te ondersoek en verdagtes aan die pen te laat ry.

Hardus Botha



TMS BOUERS

Manny 082 675 8410

admin@tmsbouers.co.za



Waar Kliënte Vriende word

NHBRC NO: 3000265163 REG NO: 1999/031335/23

The Gans-Berg Nuus / News is committed to bringing you news that is relevant and truthful. We undertake to adhere to the press Code of Ethics and Conduct of the of the South African Print and Online Media. All printing material received is the responsibility of the contributor who is required to check and approve artwork and material.

Die Gan-Berg Nuus / News is daartoe verbind om nuus wat relevant en waar is, aan u te bring. Ons onderneem om ons te hou by die Perskode vir etiek en gedrag van die Suid-Afrikaanse Druk en Aanlynmedia. Die drukwerk wat ontvang word, is die verantwoordelikheid van die bydraer wat die kunswerk en materiaal moet nagaan en goedkeur.

All rights reserved. No part of Gans-Berg Nuus / News may be reproduced or used in any manner without written permission from the owner.
Alle regte voorbehou. Geen deel van Gans-Berg Nuus / News mag op enige manier gereproduseer of gebruik word sonder skriftelike toestemming van die eienaar nie.

Press Council FAIR

Gans-Berg News subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balances. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 4843619. You can also contact our Case Officer on khanyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za



One Stop C.O.C. Shop - From Appliance Repairs to Solar Power in Gansbaai



Eienaars van besighede

One Stop C.O.C. Shop is undoubtedly a valuable addition to Gansbaai - bringing four specialised businesses together under one roof. Although each business operates independently, they offer a range of essential services, including gas, electrical, plumbing and wood-borer compliance certificates (CoC's), as well as various related services. The four businesses are GasMark (gas CoC's), G2G Electrical (electrical CoC's), REM Plumbing (plumbing services and compliance) and Corproclean (wood-borer inspections and certification). A comprehensive range of services, all under one roof!

GasMark W-up - Gas related services, appliances and outdoors
At GasMark W-up, owners Mark and Mercia Parry handle all gas-related installations, including gas stoves, hobs, geysers and fireplaces, and issue the relevant Certificates of Compliance (CoC's). They also service and repair gas appliances and heaters, and sell new stoves, hobs, geysers, camping equipment and knives. With more than 20 years of experience in the gas industry, they offer professional technical advice and strive to provide the Gansbaai community with quality workmanship and exceptional service at affordable prices. Their motto says it all: "Let us turn you on!"
(Contact no: 082 711 0491)

G2G Electrical - Electrical services, appliance repairs and solar power
The owners of G2G E&A Installations and Repairs, Ben and Kristine van Wyk, explained that many Gansbaai residents already know them for their household appliance repair services. These include washing machines, tumble dryers, dishwashers and ovens. They also sell replacement parts for most household appliances and work with various insurance companies, providing fault reports to assist customers with their insurance claims. In addition, they install solar PV systems for homes and small businesses and hold P4 Level 2 accreditation through the Association for Renewable Energy Practitioners (AREP). As certified Geyserwise installers, they also help customers manage their geyser heating systems more efficiently. Their qualified electricians carry out electrical installations and repairs in accordance with the applicable South African National Standards (SANS). They also offer electrical inspections and testing for Certificates of Compliance (CoC's).



Eienaars en werkers

REM Plumbing - Reliable plumbing solutions
The owner of REM Plumbing, Riaan Theart, explained that the business is a second-generation, family-run company based in Gansbaai. His services include domestic plumbing, fault-finding, call-outs and plumbing installations for new construction projects. His mission is to provide reliable and honest plumbing services, getting the job done right the first time. His vision is to become Gansbaai's most trusted plumbing company, guided by their core values of reliability, honesty, quality workmanship and respect for every customer's home.

Corproclean - Cleaning, pest control, hygiene and wood borer certification
Founded in 2023 by Jacques Botha and Annatjie Loxton, Corproclean brings more than 20 years of combined industry experience to homes and businesses throughout the Overstrand. The company provides industrial, commercial and residential cleaning services, as well as pest control. Wood-borer compliance inspections and certification are conducted by a pest control operator registered with the Department of Agriculture. Corproclean also supplies and installs hygiene equipment and provides monthly servicing. These services assist restaurants, pubs, guest houses and other businesses in meeting the Department of Health's hygiene requirements. This friendly and dynamic duo have built their business around prompt responses and attentive customer service. Whether it is a once-off job or regular monthly servicing, they believe every client deserves the same level of care and attention. (Contact no: 082 780 3694)

Hardus Botha

'n Jaar vol hoogtepunte eindig met Kanniedood



SD Fourie op haar stukke, met Irna van Zyl (skrywer) langs haar.



SD Fourie, Irna van Zyl (skrywer) en Petro Pretorius (voorsitter).

Na afloop van 'n propvol 2026-program het die Gansbaai Leeskring op 20 Oktober 2026 hul jaareindfunksie in die geselskap van die Hermanus-gebaseerde skrywer Irna van Zyl gevier. “Dit was 'n jaar vol hoogtepunte, en Irna van Zyl se besoek was geen uitsondering nie,” vertel Petro Pretorius, voorsitter. “Irna se gespreksgenoot oor haar boek, Kanniedood, was niemand anders nie as ons eie SD Fourie.” SD het vir 'n insiggewende en interessante onderhoud gesorg wat, eie aan haar, met slim kwinkslae en lekkerlag-oomblikke deurspek was. Petro sê dit was 'n heerlike, gesellige afsluiting in 'n pragversierde saal.

Kanniedood

Besonders aan Irna van Zyl se Kanniedood is dat die verhaal gedeeltelik in Hermanus en die Klein-Karoo afspeel. Dit is Irna se sesde spanningsroman. Die verhaal sentreer rondom speuradjudant Storm van der Merwe en haar kollega Shirien Niemandt, wat ondersoek instel na die dood van die bejaarde Gerty Jonas in Zwelihle, Hermanus. Haar seun, Kai, verdwyn op geheimsinnige wyse.

Storm word egter weens skinderpraatjies en bewerings van onetiese optrede tydelik uit die polisiediens geskors. Sy aanvaar dan 'n uitnodiging van die omgewingsaktivis, Jane English, om op haar wildplaas buite Barrydale te gaan rus. Jane het egter 'n ander rede vir haar uitnodiging: 'n sindikaat het skaars vetplante van haar plaas gesteel en sy wil hê Storm moet die internasionale smokkelnetwerk ontbloot. Wanneer Kai Jonas onverwags weer op die toneel verskyn, raak die raaisels nóg ingewikkelder.

Wat die boek met sy ongewone misdaadtema besonder interessant maak, is die fokus op onwettige stropery en internasionale smokkelhandel in skaars vetplante. Die hoofkarakter, Storm, moet nie net misdade oplos nie, maar ook haar eie persoonlike en professionele krisisse hanteer. Die skrywer verweef dus misdaadfiksie met die groter kwessie van natuurbewaring en die vernietiging van natuurlike hulpbronne. Die titel, Kanniedood, verwys na die geharde vetplant, maar simboliseer ook Storm van der Merwe se deursettingsvermoë en haar weiering om tou op te gooi. Beslis nóg 'n treffer deur een van ons plaaslike skrywers, Irna van Zyl!



Annamarie Vermeulen, Irna van Zyl (skrywer) en Almarie Janse van Vuuren.

Hardus Botha

Prag
LOCKSMITH
LEATHER REPAIRS
CAR KEY'S CUT & PROGRAMMED
9A LONG STREET. HERMANUS
083 660 9115

Put your advert here
Contact us:
028 205 0100

APPLIANCE@ALL
Repairs at your home!
Fridge Freezers, Washing Machines, Stoves, Dishwashers, Microwaves, Tumble Dryers.
Call Leonard
082 601 0753

Overberg Scaffold & Machine Hire
Rentals of all building equipment:
Concrete Mixers, Compactors, Drills, Generators, Breakers,
Various types of scaffolding
High pressure spray guns for cleaning of walls and roofs.
Industrial Circle, Industrial Area.
Gansbaai
Tel/Fax: 028 384 0189
Fanie Bothma
Cell: 083 296 2676

Luna Auret se lig sal bly skyn



Die afsterwe van Luna Auret (88), eggenote van emeritusleraar ds Dries Auret, op 2 November 2026, is met groot hartseer begroet. Die egpaar was vir jare gewilde inwoners van Pearly Beach en ook geliefd in Gansbaai. Die dankdiens in die NG-kerk op Vrydag 6 November 2026 is deur ds. Dirk van Dyk gelei, met 1 Tessalonisense 4:17-18 as grondslag vir sy boodskap. “Hoe wens mens iemand wat 'n geliefde aan die dood afgestaan het, sterkte toe?” het hy gevra. “Ons sê maar 'sterkte' of 'ons bid vir jou' en dies meer, maar waarom voeg ons nie 'Christus het opgestaan' by nie? Daarom mag ons treur, maar nie soos mense sonder hoop nie.” SD Fourie van Franskraal het 'n lewensskets van Luna as huldeblyk voorgelees, met soveel kosbare inligting dat dit onmoontlik is om alles hier weer te gee. Die huldeblyk is deur Dries, 'n befaamde skrywer van verskeie boeke, self geskryf.

Luna, wat haar lewe lank 'n omgee-mens was, is op 26 Junie 1938 in Garies, Namakwaland, gebore. Van kindsbeen af het sy 'n passie gehad om van Christus te getuig - deur haar woorde én haar lewenswandel. Luna was 'n uitstekende orrelis en het reeds in haar matriekjaar as orrelis van die NG Gemeente Garies opgetree. Van 1958 tot 1960 het sy aan die Opleidingskollege Wellington studeer, waar sy onder meer 'n hoogspringkampioen was. Nadat sy haar diploma verwerf het, het sy na Garies teruggekeer as onderwyseres en ook weer as orrelis van die gemeente opgetree.

In 1962 het sy met Dries Auret, haar skool- en studentevriend, in die huwelik getree. Dit was die begin van 'n gelukkige huwelik van 64 jaar. Naas verskeie ander gemeentes was hulle ook 'n geliefde leraarsegpaar in Napier en Pearly Beach. Ter wille van Luna se gesondheid het die egpaar na Huis Lettie Theron in Hermanus verhuis. Selfs daar het haar omgee-geaardheid die botoon gevoer.
Wat haar gesondheid betref, het Luna deur diep waters gegaan. Sy het vier rugoperasies, 'n hartomleiding, 'n mastektomie en verskeie ander operasies ondergaan. Sy het ook haar voet twee keer gebreek. Ná die laaste breuk, twee jaar gelede, kon sy nooit weer loop nie. Ondanks alles het vreugde en vriendelikheid steeds van haar uitgestraal.

Luna was 'n liefdevolle moeder vir haar vyf kinders, 'n ouma vir haar vyf kleinkinders en 'n oumagrootjie vir haar vyf agterkleinkinders. Die naam 'Luna' beteken maan. “Haar lig het baie mense in hulle donker ure berusting en hoop gegee, en ons groet haar met die wete: vir haar was die lewe Christus en die sterwe 'n wins,” het Dries die huldblyk mee afgesluit.
(*Bron: Ds Dries Auret se huldeblyk.*)

Hardus Botha

Gansbaai Running Club - Fitness, Friendship and Fun

“We would like to invite members of the community to join our Gansbaai Running Club,” Shereen van der Merwe of i-M Africa told Gans-Berg News. Shereen, who organises the running club, explained that it was established on her own initiative and is not managed by i-M Africa. The organisation simply supports the group and assists with transport for members by providing a minibus when needed. Shereen is assisted by Christien Schaecker.



Members of the Gansbaai Running Club, with Shereen van der Merwe (fourth from the right) and Christien Schaecker (sixth from the right).

The group of runners meets every Thursday at approximately 17:00 at the Franskraal parking area. From there, they run 2.5km along the coast in the direction of Kleinbaai before turning back, covering a total distance of 5km.

At the time the accompanying photograph was taken, it was the group's fourth Thursday run. “Nothing is formal - it is simply about having fun and being social. Those who prefer to walk can walk, those who want to turn back halfway can do so, and anyone who needs to stop and rest along the way is welcome to do that,” Shereen explained. “And best of all, it is completely free, with no membership fees!”

Shereen added that should they find an official sponsor or someone willing to manage the club formally, it could eventually operate on a more official basis. For now, however, it will remain a relaxed and social running club. Anyone interested in joining is welcome to contact Shereen on 071 583 0347. So, come along and join this friendly running club - the Gansbaai Running Club!

Hardus Botha

The Beach House Hub
Residential, Commercial & Corporate Fencing
072 787 5486 / admin@thebeachhousehub.com
Wide range of options available:
Clearview & Betafence
Palisade & Ornamental Fence
Vibracrete & PVC Fence
Weldemesh & Diamondmesh
Field Fence & Farm Fence
Gates & Gate Automation
Fire Boma's & Braai's out/indoors
Patio's & Pargola's
Catio's & Modern Pet Cages
xplorio
Because good fences make great neighbours!!
Kamba Fences
Farm, Ornamental & Residential Fencing
082 411 9969 / sales.kamba@gmail.com

There is only one name to remember
NASHCA FUNERALS
Authorized Financial Service Provider FSP 53883
Cremation services • Funeral services
Funeral insurance • Tombstones
64 Dirkie Uys Street, Sandbaai, Hermanus
028 316 1659
57 Main Road, Kleinmond
028 271 4971
Bothma Centre, 57 Main Road, Gansbaai
028 384 0251
7 Queen Victoria Street, Stanford
028 34 101 34
082 322 0874

Blompark Ikamva en i-MED Vision span kragte saam vir kinder-gesondheid



Die groot groep verteenwoordigers.

"Dit is vir Blompark Ikamva Jeugontwikkeling en Rekenaarsentrum 'n groot voorreg om as vennoot saam met i-MED Vision betrokke te wees by die gesamentlike implementering van die Holistiese Kindergesondheidsprogram," sê Jolande Sauls, bestuurder van Blompark Ikamva. "Die doel van hierdie vennootskap is om die gesondheid en welstand van kinders en gesinne te bevorder deur gemeenskapsgebaseerde gesondheidsopvoeding, ondersteuning van vroeëkinderontwikkeling, die bevordering van gesonde leefstyl, bewusmaking van geestesgesondheid en bewese, ingeligte voorkomende gesondheidspraktyke wat op tuisversorging gerig is."

Blompark Ikamva se rol in hierdie vennootskap is hoofsaaklik dié van administratiewe ondersteuning en koördinering. Die organisasie se verantwoordelikheid is om toesig te hou oor die program se administratiewe en operasionele vordering en te verseker dat die gesondheidsopvoeder, wat deur i-MED Vision aangestel is, haar toegewese pligte en verantwoordelikhede nakom. Blompark Ikamva sal ook ondersteuning bied om te verseker dat die program doeltreffend in die Gansbaai-omgewing geïmplementeer word en dat kinders en gesinne in die gemeenskap toegang tot die beoogde dienste en ondersteuning ontvang. "Ons beskou hierdie vennootskap as 'n waardevolle geleentheid om saam aan 'n gesonder toekoms vir ons kinders en gemeenskap te werk," sê Jolande.



Die seremoniële 'vennootskapskoek' word gesny, met dr Baerbel Reckhardt van i-Med Vision links.

Die trotse geleentheid vir Blompark Ikamva het op 3 Oktober 2026 tydens 'n spesiale funksie in Gansbaai Toerisme se saal aangebreek. Die funksie het die amptelike bekendstelling van die vennootskap tussen i-MED Vision en Blompark Ikamva gevier. Jolande het die gaste amptelik verwelkom, waarna ds. Floors Avenant die verrigtinge met gebed geopen het.

Verskeie gaste, rolspelers, gemeenskapsleiers, ander vennote en 'n verteenwoordiger van die Departement van Gesondheid het die geleentheid bygewoon. Die hoofspreker, dr. Baerbel Reckhardt van i-MED Vision, het met behulp van 'n PowerPoint-aanbieding die program se volledige werksaamhede en die hoofdoel van die vennootskap aan die gaste verduidelik. Haar aanbieding het onder die tema *Holistic Child Health Program* plaasgevind. Sy het die program breedvoerig toegelig en ook die doelwitte wat bereik moet word, uitgelig.

Die seremoniële 'vennootskapskoek' is daarna gesny. Ná afloop van die amptelike verrigtinge is verversings bedien en kon die verteenwoordigers gesellig saam verkeer.
(*Foto's: Nosabata Nololo*)

Hardus Botha

HAVE A STORY YOU WANT TO SHARE:
Hardus:082 786 0494
info2@gansberg.co.za



CapeNature phases out kingsnake trade


The California kingsnake (Lampropeltis californiae).

CapeNature is phasing out trade in California kingsnakes (*Lampropeltis californiae*) in the Western Cape over a two-year transition period that began on 1 April 2026, following a risk assessment that classified the species as high risk for invasion. Animals already lawfully held may remain in captivity for the rest of their natural lives.

The assessment, which used the Bomford (2008) rapid risk assessment model, identified the potential for ecological disruption and competition with indigenous species if the snakes escape or are released and establish themselves in the wild. California kingsnakes have been kept by South Africa's reptile-keeping community since at least the 1980s and remain popular among hobbyists. CapeNature has therefore adopted a phased approach that recognises existing lawful permit holders while addressing the biodiversity risk.

The framework is implemented in terms of Section 16(1)(e) of the Nature Conservation Ordinance (Ordinance 19 of 1974), read with the National Environmental Management: Biodiversity Act (Act 10 of 2004). During the transition period, trade in California kingsnakes in the Western Cape is restricted to existing permit holders. No new captivity, import or transport permits will be issued to anyone who does not already hold a valid permit for the species. Trade includes selling, buying, donating and any other transfer of ownership.

Export permits may be considered during the transition period, provided the receiving province issues an import permit and its conservation authority is informed of CapeNature's position. At the end of the transition period, all trade will cease, and no further import, transport or captivity permits will be issued. Exports will be allowed only under regulated conditions consistent with conservation objectives. The measures aim to progressively reduce the presence and movement of California kingsnakes in the Western Cape without displacing animals already legally held.

CapeNature urges permit holders to keep their animals securely and never release them into the environment. Anyone who finds a California kingsnake outside captivity is asked to report it to CapeNature. CapeNature will notify all existing permit holders in writing and has informed the Western Cape reptile-keeping community through the Western Cape Herpetological Association. Permit holders who are unsure how the arrangements affect their animals or planned activities should contact CapeNature before trading, transporting or disposing of them. Email: permits.fax@capenature.co.za
(Article shortened: Hardus Botha)

CapeNature General Manager: Advocacy Petro van Rhyn

CONTACT ME TO ADVERTISE
Erika: 072 499 5211 / erika@gansberg.co.za


GERHARD RAS PROKUREUR
LPC Praktyk No 75244 gelee te Ingangstraat 59, De Kelders, 7220

BENODIG U 24/7 PROKUREURSDIENSTE

Gerhard Ras Prokureurs is gereed om u by te staan met u regsprobleme!

Ons kan u onder andere help met:

- verdediging teen strafregtelike vervolging (borg aansoeke, verteenwoordiging in howe, vertoeë aan Vervolgingsgesag)
- siviele gedinge (interdikte, egskeidings en skikkings-ooreenkomste, uitsettings, beskermingsbevele, kontrakte en -dispute, skadevergoeding eise instel en verweer, onderhoud-kwessies, toesig, voorhuwelikse kontrakte, testamente, oprigting van trusts, mediasie, arbitrasie)
- arbeids-aangeleenthede (wangedrag ondersoeke, werkgewer / werknemer dispute, dissiplinêre verhore en -verteenwoordiging, CCMA verweerskrifte)
- regering aangeleenthede (rekening dispute, eiendom waardasie dispute, bureregte kwessies, verteenwoordiging in munisipale hof, COIDA appelle, eienaarskap dispute HOP huise)

Skakel gerus vir Gerhard Ras (BA BHons MPA LLB) by 067 344 8520 vir deeglike en bekostigbare regshulp of stuur 'n epos aan gerhard@graslaw.co.za of besoek sy webtuiste by https://graslaw.co.za om 'n afspraak te maak.

Dudley Coetzee - jare se diens aan die Overstrand-gemeenskap



Die onverwagse afsterwe van Raadsheer Dudley Coetzee (79) op 23 Oktober 2026 is wyd op sosiale media betreur. Edward Jantjies, Overstrand se Waarnemende Munisipale Bestuurder, het ook 'n volledige huldeblyk versprei. Daarom sou dit onnodig wees om al die verskillende poste wat Dudley beklee het, hier te herhaal. 'n Gedenkdiens is op 31 Oktober 2026 in Pearly Beach Oord se saal gehou.

Dudley het 'n gewaardeerde en aktiewe rol in die Overstrand Munisipaliteit gespeel. Nadat hy en sy vrou, Shirley, hulle in 2005 in Pearly Beach gevestig het, het hy kort daarna by die Demokratiese Alliansie betrokke geraak. Dit was die begin van 'n omvangryke politieke loopbaan waarin hy verskeie belangrike rolle vervul het. Nadat hy in 2016 as wyksraadslid vir Wyk 11 in die Overstrand herverkies is, is hy as Uitvoerende Onderburgemeester aangestel. Terselfdertyd het hy sy portefulje as voorsitter van die Finansiële Portefeulje op die Burgemeesterskomitee behou.

Op 28 Februarie 2018 is hy as Uitvoerende Burgemeester van die Overstrand Munisipaliteit ingehuldig. Dit spreek vanself dat Raadsheer Coetzee 'n belangrike rol in die plaaslike regering van die Overstrand gespeel het. Tydens sy burgemeesterskap het hy onder meer inisiatiewe ondersteun wat daarop gemik was om plaaslike ondernemings te betrek, inwoners toegang tot munisipale leierskap te gee en dienslewering te bevorder. Sy bydrae tot plaaslike regering sal deel van die Overstrand se geskiedenis bly.

Dudley was met Shirley getroud, wat hom vroeër vanjaar, op 29 Maart, ontval het - 'n verlies wat eweneens 'n groot skok vir die gemeenskap was. Dudley was 'n lidmaat van *Grace Community Fellowship* in Gansbaai, waar hy as ouderling en lekeprediker gedien het. Die redaksiespan van die Gans-Berg Nuus betuig graag sy opregte meegevoel aan die familie en naaste vriende en wens hulle sterkte toe vir die pad vorentoe.

Hardus Botha

Outdoor Adventure Expo bied avontuur vir oud en jonk







Buitelug-entoesiaste en gesinne kon hulself uitleef tydens die vierde aanbieding van die Outdoor Adventure Expo Grabouw 2026, wat van 5 tot 8 November 2026 by die skilderagtige Elgin Grabouw-sportklub aan die oewer van die Eikenhofdam plaasgevind het, met die Hottentots-Hollandberge as agtergrond. Die Gans-Berg Nuus se eienaar, Michelle van Niekerk, en Erika Scheepers, advertensieverteenwoordiger, het daar gaan inloer en die besoek terdeë geniet.

Besoekers het die geleentheid gehad om die nuutste buitelugtoerusting te ontdek, toonaangewende handelsmerke te vergelyk en reisbestemmings te verken. Daar was ook kos en vermaak vir die hele gesin. Besoekers kon na hartelus 'n vol program geniet, met onder meer 'n biertent, 'n speelarea vir kinders en 'n verskeidenheid interessante uitstallers, buitelug- en avontuuraktiwiteite, demonstrasies, produkte en spesiale aanbiedinge.

Die uitstallings het 'n wye verskeidenheid gebied. Dit het onder meer 4x4-voertuie en toerusting, veldrybykomstighede en kampeergeriewe; karavane en sleepwaens, waaronder tradisionele en veldrykaravane, kampeersleepwaens en daktente; asook kampeertoerusting soos sonkragstelsels, batterye, tente, braaitoerusting, rugsakke en buitelugklere ingesluit. Fietsry-entoesiaste kon bergfietse, elektriese fietse en fietsrytoerusting besigtig, terwyl avontuur- en toerismestandplase vakansiebestemmings, staproetes, 4x4-roetes, ritslyne en ander buitelugervarings bekend gestel het.

Op die dam was daar ook wateraktiwiteite, waaronder kajakvaart en ander nie-gemotoriseerde watersport. Kortom, daar was 'n groot verskeidenheid om te sien, te ontdek, te doen en te geniet. Geluk aan die organiseerders met nog 'n geslaagde ekspo! (*Foto's: Michelle van Zyl, Gans-Berg Nuus*)

Hardus Botha







Vier Borskankerstappe, een boodskap - 'Daar is altyd Hoop'

"Vandag was ons laaste Borskankerstap van die vier stapdae gedurende Oktober 2026," het Annaleen Genade, organiseerder van die borskankerstappe, gesê. "Ek wil graag my opregte dankbaarheid betuig teenoor elke deelnemer, borg, werker en elkeen wat ons Borskankermaand so wonderlik ondersteun het - ek het nie woorde om genoeg dankie te sê nie!" Altesaam 338 deelnemers het aan die vier stappe deelgeneem, met relavante onderwerpe wat met die stappers bespreek is.

Die afsluitingsfunksie op 28 Oktober 2026 in die Franskraal Rolbalsaal was die hoogtepunt. Frans Botha het die groot prys, 'n bootrit vir twee van Marine Dynamics Big 5 Tours, met Annasofie Spies wat die vrugtekoek gewen het en Annalie Lourens die kleurvolle kwilt. Daar was ook talle ander pryse wat uitgedeel is.

R4R se ontstaan

Reach for Recovery (R4R) is 'n internasionale organisasie wat in 1952, sowat 74 jaar gelede, deur Teresa Lasser in die Verenigde State van Amerika gestig is. In 1967 het sy Suid-Afrika besoek en die program hier as *Reik na Herstel* gevestig om mans en vroue wat met borskanker gediagnoseer is, te ondersteun. R4R Suid-Afrika is reeds 59 jaar lank 'n geregistreerde vrywilligersorganisasie.

Annaleen bedank graag die volgende borge vir hul bydraes tot die sukses van die Borskankerstappe op 28 Oktober 2026: Gansbaai Superspar; Gansbaai OK Foods; Kekkel & Kraai; Overberg Packaging; Danie Vermeulen; De Wet Giliomee; Marine Dynamics Travel, Kleinbaai; Buitesteen Pub & Grill; Protea Flora Bloemiste; Babylonstoren, Paarl; Franskraal Minimark; Biltong Boss; Giuseppe's Trattoria; Arrie Nel Gansbaai Apteek; Frans en Lizette Botha; Elize von Moltke; Monica van der Riel (Avroy Shlain); Maureen Basson (Avroy Shlain); Bernie en Marette Hesse; Franskraal Buurtwag; Marshalls; Franskraal Rolbalklub; Anita Botha en Gans-Berg Nuus (Hardus Botha).

Dit was vir die Gans-Berg Nuus 'n voorreg om deel van Borskankermaand te kon wees - daar is altyd Hoop! Vir alle navrae kan Annaleen Genade by 072 523 0650 gekontak word, of stuur 'n e-pos aan annaleen.genade@gmail.com.

Hardus Botha



Annaleen Genade en haar regterhand, Antionette Jooste.



Die groot pryswenners: Frans Botha, Annalie Lourens en Annasofie Spies saam met Annaleen Genade.



Annaleen Genade se regterhande ontvang geskenkies: Helena Pienaar, Antionette Jooste, Annaleen (organiseerder) en Ciceel Wentzel.

Anni-Smous: Ou, Nuutgedink en Tuisgeskep!

"Ek smous al van kleins af met enigiets wat ek in die hande kon kry," vertel Anni (Smous) Conradie, eienaar van haar splinternuwe Anni-Smous-winkel. Die interessante winkel, met 'n groot verskeidenheid van alles en nog wat, het so onlangs soos Vrydag, 30 Oktober 2026, reg langs Nedbank in Hoofstraat, sy deure geopen. Anni-Smous se leuse is: '*Ou - Nuutgedink - Tuisgeskep*!'

"Ek smous al lankal aanlyn, maar is nou baie opgewonde oor die opening van my winkel - iets waarna ek al lank uitsien," het Anni die Gans-Berg Nuus meegedeel. Een van haar doelwitte is om die gemeenskap betrokke te kry deur items aan te bied wat mense tuis kan vervaardig, soos ingelegde lekkernye en dies meer. Met die oorname van die winkelruimte moes 'n kluis van 700kg, wat in die middel van die vloer gestaan het, na 'n ander staanplek verskuif word. "'n Titanic-kluis," het iemand dit beskryf. Dit was juis dié gebeure wat gemaak het dat mense vir die eerste keer van die nuwe winkel kennis geneem het.

Anni fokus graag op dekor - hoe mooier, hoe gelukkiger is sy! Selfs haar selfvervaardigde '*Lucky Packets*' getuig van haar liefde vir mooi dekor. Daar is iets van alles in die winkel, met die klem op oudhede: breekware, ornamente, stoele en nog baie meer. Anni beoog om binnekort oudhede, veral skilderye en soortgelyke items, aan te koop, maar wag nog op finale goedkeuring om aangekoopte items te mag verkoop. "Hoewel die winkel nog net 'n paar dae in bedryf is, het ek reeds baie goeie terugvoer ontvang," sê sy dankbaar.

"Ek het vir drie jaar teen stadium 3-kanker geveg en myself belowe: As ek daardeur kom, gaan ek doen wat ek nog altyd in my lewe wou doen - en dit is winkel-winkel!" vertel Anni. Dit was 'n moeilike tydperk, maar sy het daardeur gekom en nou die geleentheid gekry om die belofte aan haarself te bewaarheid. "Toe dit so sleg met my gegaan het, het my man, Wim, gereeld gevra: 'Anni, wat wil jy graag nog doen?' My antwoord was: 'Ek wil my eie smousplek hê!'"





Die netjiese en interessante winkel verdien beslis 'n besoek. Dit is reg langs Nedbank se deure in Hoofstraat geleë. Anni kan ook by 083 291 0572 geskakel word.

Hardus Botha





Noodlottige motorfietsongeluk - verdagte op borgtog vrygelaat

Die verdagte in die noodlottige motorfietsongeluk waarin Francois Swart op Vrydag, 30 Oktober 2026, op die hoek van Guthrie- en Hoofwegstrate in De Kelders, sy lewe verloor het, het op Vrydag, 6 November, in die Hermanus-landdroshof verskyn. "Wynand Nortjé, wie se naam nou genoem mag word, is op borgtog van R1 000 vrygelaat, maar onderworpe aan baie streng borgvoorwaardes, waaronder huisarres," het lt.kol. Janse van Rensburg, stasiekommissaris van die SAPD in Gansbaai, gesê. "Die hoofaanklag is strafbare manslag, met verskeie ander ernstige aanklagte wat ook teen die beskuldigde ingebring is."

Francois het laatmiddag op dié tragiese dag met sy motorfiets in Guthriestraat gery toe die beskuldigde na bewering die stopstraat geïgnoreer en met die motorfiets gebots het. Francois is op slag dood. Die Gansbaai-SAPD het daarna bevestig dat die beskuldigde na bewering van die ongelukstoneel gevlug het, maar kort daarna in hegtenis geneem is. Hy het op Maandag, 2 November 2026, in die Hermanus-landdroshof verskyn en is in aanhouding gehou tot sy tweede hofverskyning op Vrydag, 6 November 2026.

Hardus Botha



CLASSIFIEDS

BUY • SELL • FIND • JOBS • SERVICES

028 205 0100



VIBRACRETE MURE
Gansbaai Precast

* Vervangings en Verhogings
* 1.8m Nuwe Mure teen R730 per meter (Prys net vir Gansbaai Area)
* GRATIS Kwotasies

10 Jaar waarborg op materiaal

Ons diens dek die hele Overberg

Johan Cronjé: 028 384 0480 / 082 923 4204

Te Koop

'*Off Cuts*' word gebruik vir tuinpaadjies, beddings, onder die wasgoedlyn en paadjie na jou heining om met buurman te gesels. **028 384 0480**



Replace WOODEN/STEEL Frames with ALUMINIUM

Anglo Windows

new for old
we open windows for you

Average home completed in one day

Jayson Hitge
082 413 3301
info@anglowindows.co.za

WINDOWS, FOLDING DOORS, STOEP ENCLOSURES, SLIDING DOORS, ECT

CNC Sweis & Staal

* Stainless steel
* Ballustrading
* Diefwering
* Veiligheidshekke
* Skuifhekke
* Traliewerk
* Sleepwaens
* Palisade Heinings

Jannie Cronje cncstaal@omail.co.za
082 371 7283

Gans-Berg

Website Link

GANSBERGNEWS



Contact us to Advertise: Janine:072 931 1431 / janine@gansberg.co.za

Put your advert here

Disclaimer at quackery advertisements

Gans-Berg News have not verified whether any of the services or products advertised will have the desired effect or outcome. Readers will note that some of the promised results in the advertisements are extraordinary and may be impossible to achieve. Beware some of the procedures and claims advertised may be dangerous if not executed by a qualified medical practitioner. Readers are wared that they should carefully consider and verify the advertiser's credentials. Gans-Berg News do not accept any liability whatsoever in respect of any of the services or goods advertised

Gans-Berg

Technokil

State Registered Pest Control Services

- INDUSTRIAL & COMMERCIAL PEST CONTROL
- BEETLE INSPECTIONS
- TIMBER TREATMENTS
- FUMIGATIONS
- FRIENDLY PERSONAL SERVICE



Free Quotations
Riaan van Niekerk
082 878 7093

FRANSKRAAL VEHICLE SERVICING

CONTACT AUBREY

076 651 6789

Have a story YOU WANT TO SHARE:



Hardus: 082 786 0494
Email: info2@gansberg.co.za

Be Part of our December Holiday Guide



Brain Teasers


A	L	I	Z	A	R	B	V	S
O	R	N	S	N	D	K	A	P
A	A	C	D	U	N	E	R	W
C	T	E	X	Y	P	E	Y	B
O	A	P	E	V	D	E	N	T
N	V	T	U	A	X	O	R	S
T	A	I	T	J	O	I	T	M
A	S	O	V	C	H	A	R	R
C	R	N	O	E	R	D	T	T
T	H	C	P	G	G	E	R	L
V	I	G	A	B	M	O	Y	R
J	G	T	R	A	N	S	F	O
E	E	O	Y	W	A	C	A	T
U	M	S	O	L	A	R	I	S

R	A	W	R	A	T	S	L	
R	W	R	A	T	S	L		
E	R	W	V	C	K	T	A	
E	Y	B	R	H	U	L	S	Q
E	N	T	S	O	O	B	N	Y
O	R	S	I	P	B	E	E	F
I	T	M	O	N	I	O	Q	H
H	A	R	R	A	L	E	O	C
E	R	D	T	T	A	N	Q	R
G	E	R	L	A	W	K	N	E
M	O	Y	R	L	M	N	Q	O
O	R	M	E	R	S	O	S	A
A	C	A	T	T	A	G	H	Z
A	R	I	S	P	L	A	D	T

ALIEN
AVATAR
BLADE RUNNER
BRAZIL
COCOON
CONTACT
CUBE
DARK CITY
DUNE
GATTACA
INCEPTION
METROPOLIS
MOON
ROBOCOP
SERENITY
SOLARIS

		2				3		4
						9	1	
	5			8				
				4				
4	7				2	6	9	
			6		7			
				6				
	4		9	2				3
	3		1			7		

Colour me in....



ANSWERS

X	K	F	D	A	F	W	I	G	R	W	K	T	L	P	C	C
F	D	I	N	I	N	G	R	O	O	M	N	R	O	N	H	B
O	J	I	M	O	K	C	C	S	T	E	S	N	V	Y	I	Y
O	C	O	M	F	O	R	T	E	M	S	L	Z	E	K	M	T
R	I	H	T	M	R	A	W	E	O	E	T	S	S	Q	N	F
F	Y	N	M	A	I	E	S	R	O	F	X	E	D	T	E	O
W	I	X	E	R	T	A	P	T	R	B	A	O	S	J	Y	G
T	M	R	W	H	B	T	I	V	G	E	P	M	N	O	A	I
P	R	A	E	I	C	E	I	Z	N	D	N	R	I	R	L	A
L	Y	X	V	P	G	T	P	C	I	R	H	W	D	L	S	C
B	A	T	Q	A	L	A	I	L	V	O	P	E	A	D	Y	P
M	O	O	R	H	T	A	B	K	I	O	N	S	E	L	V	Q
U	W	A	V	I	V	E	C	Y	L	M	C	B	N	Q	B	H
L	G	D	O	F	E	N	C	E	E	S	K	L	S	T	E	P

9	8	5	7	3	6	2	4	1
1	6	4	9	5	2	3	7	8
7	2	3	8	4	1	9	5	6
3	5	1	4	2	8	7	6	9
8	9	7	3	6	5	1	2	4
6	4	2	1	9	7	8	3	5
4	3	6	2	8	9	5	1	7
5	7	9	6	1	3	4	8	2
2	1	8	5	7	4	6	9	3

NEIGHBORHOOD Watches

AREA	CONTACT	NUMBER
Franskraal	Jaap Koen	082 442 2464
Franskraal Afriforum	Robbie Nelson	083 455 0946
Pearly Beach	Mark Boontjies	072 282 3616
Pearly Beach Oord	Fred Wesson	083 654 4616
Strandveld Plaaswag	Stephan Du Mont	082 642 7358
Kleinbaai	Maryna Basson	073 439 1979
Uilenkraalsmond	Lionel Kemn	063 501 5198
Gansbaai	Hugh-Daniel Grobler	072 352 7776
Perlemoenbaai	Stuart Hayman	079 250 9081
De Kelders	Nico Groenewald	073 919 7777

LET US COMMUNITY WORK TOGETHER

Gans Berg Nuus/News
028 205 0100 Community Newspaper

EMERGENCY NUMBERS

028 205 0100 Gans-Berg

Gansbaai Municipality:	028 384 8300
Overstrand Municipality:	24hour control room 028 313 8111 / 028 313 8000 / 028 313 8013
Law Enforcement:	028 313 8996 / 028 313 8111
Disaster Risk Management:	028 313 8980 / 028 312 2400 / 028 313 8122
Fire Department:	028 313 8980 / 028 312 2400
Marine & Coastal Management:	028 313 2703
Ambulans Service Toll free number:	10177
1LifeRescue:	Mark Robson - 082 414 9335 0861 13 13 11
CMC Critical Medical Care Ambulans:	028 001 0544
Gansbaai Police Station:	028 384 0201 / 10111
Cassie Carstens:	078 699 6995

IN AN EMERGENCY, EVERY SECOND COUNTS.

SAVE THESE NUMBERS. SHARE THEM. STAY SAFE.



Weather Forecast / Weer Voorspelling

Wednesday 11/11/2026	Thursday 12/11/2026	Friday 13/11/2026	Saturday 14/11/2026	Sunday 15/11/2026	Monday 16/11/2026
20°	19°	20°	20°	20°	20°
Moderate Breeze 7 m/s from west 0 mm precipitation.	Gentle Breeze 5 m/s from south-west 0.1 mm precipitation.	Gentle Breeze 4 m/s from south-west 0 mm precipitation.	Fresh Breeze 8 m/s from south-east 0 mm precipitation.	Moderate Breeze 6 m/s from south-west 0.1 mm precipitation.	Moderate Breeze 6 m/s from south 0 mm precipitation.

Getytafels / Tide Tables

Dag / Day	High	High	Low	Low
10 November	0330	1535	0924	2145
11 November	0401	1604	0955	2213
12 November	0433	1635	1026	2243
13 November	0507	1707	1100	2316
14 November	0544	1744	1140	2354
15 November	0628	1831	1231	0043
16 November	0724	1939	1345	0153
17 November	0837	2111	1519	0200

Tax Compliance & Administration Services

WE OFFER BUT ARE NOT LIMITED TO:

- Registrations of:
  - Income tax
  - VAT
  - PAYE
  - UIF
  - AND SDL's
- Income Tax calculations for:
  - Companies
  - Close Corporations
  - Trust
  - And Individuals
- Submissions of income returns via E-Filling for above mentioned entities
- Calculation and submission of provisional tax returns via E-Filling.
- Dealing with enquiries, verifications and audits from SARS
- Tax planning advise.
- Request Tax clearance certificate.



Coetzee-Co

A: 56 Barnard Street, Gansbaai T: 066 231 8831 / 028 007 0225 E: info@coetzeeandco.co.za

BIZ LEGAL
OVERBERG Labour & Legal Solutions



SOLUTIONS TO HELP YOUR BUSINESS SUCCEED. TOGETHER.

WE OFFER LABOUR, LEGAL, TAX & ACCOUNTING SERVICES ALL UNDER ONE ROOF

LABOUR MONTHLY RETAINERS

LEGAL MONTHLY RETAINERS

TAX & ACCOUNTING SERVICES

LABOUR SERVICES

TAX & ACCOUNTING

LEGAL SERVICES

CONTACT US TO FIND OUT MORE:

Medical 911

1 Life Rescue
Mark Robson: 082 414 9335

Gansbaai
ARRIE NEL
APTEEKGROEP
028 384 0637

CMC
PRIVATE AMBULANCE
MEDICAL EMERGENCY
028 0010 544
GANSBAAI

Kom beleef 'n Kalahari-Krismis in Gansbaai

Die jaarlikse Kerssangdiens van die NG-gemeente Gansbaai, onder leiding van die kerkkoor se bekwame afrigter, Linette Janse van Rensburg, beloof om vanjaar 'n absolute hoogtepunt te wees - 'n geleentheid wat niemand behoort mis te loop nie. Die tema is 'n Kalahari-Krismis. "Ons maak gebruik van Hans du Plessis se Kersspel en lirieke, met Randall Wicomb se toonsettings," laat Linette die aap uit die mou.



NG-Kerkkoor in hul Kalahari-Krismisdrag, inlas foto links Linette Janse van Rensburg, koorafrigter.

Die Kerssangdiens kan met reg as 'n Christelike Kersboodskap vanuit 'n Griekwa-perspektief beskryf word. Hans, wat die bekende Griekwa-Psalms geskryf het, en Randall, wat dit getoonset en gesing het, sorg vir 'n unieke kombinasie. "Hans en Randall was ons inspirasie vir vanjaar se Kerssangdiens-tema," vertel Linette.

Die binneversiering van die kerkgebou gaan 'n belewenis wees om te aanskou - geverfde Kalahari-sandduine, Randall se gemsbok, 'n tipiese Griekwa-hut en veel meer vorm deel van die pragversierings waaraan daar reeds hard gewerk word. Die koor oefen reeds lank en hard hiervoor, met Linette wat hulle tydens oefensessies behoorlik op hul tone hou - gelukkig darem op haar tipies gesellige manier!



Die Kerssangdiens vind op Sondag 22 November 2026 om 18:00 in die NG-kerkgebou plaas. Besoekers word aangeraai om vroeg genoeg op te daag, want dit beloof om weer 'n volhuisgeleentheid te wees!

Hardus Botha



Seaview Stoep Kombuis
MENU
NOSTALGIC FLAVORS, FRESHLY MADE – HOME-COOKED MEALS & TAKEAWAYS
Open Hours
Monday-Saturday
10 AM – 9 PM
0628731193
BREAKFAST
FARM BREAKFAST R60
2 EGGS, 2 BACON, SAUSAGE & 2 TOAST
TOASTED SANDWICHES
SERVED WITH YOUR FAVORITE FILLINGS:
HAM & CHEESE R30
HAM, CHEESE & TOMATO R35
CHICKEN MAYO R40
BACON, CHEESE & EGG R45
DAGWOOD R85
CLASSIC MEALS
RUSSIAN & CHIPS
FOOTLONG R55
SHORT R45
CHEESE R40
CHICKEN STRIPS & CHIPS R65
CALAMARI STRIPS & CHIPS R85
CHIP ROLL R35
BASKETS
CHICKEN BASKET
FOR 1 R120
FOR 2 R190
INCLUDES: NUGGETS, POPS, BBQ WINGS, CHICKEN STRIPS, CHIPS & SAUCE
MEATY BASKET
FOR 1 R140
FOR 2 R220
INCLUDES: COCKTAIL RUSSIANS, BBQ RIBS, COCKTAIL MEATBALLS, BBQ STEAK STRIPS, CHIPS & SAUCE
BURGERS
SERVED WITH CHIPS
BEEF R85
CHEESE/BEEF R90
CHEESE & BACON BEEF BURGER R105
CHEESE, BACON & EGG BEEF R110
CHICKEN R65
RIB R75
ADD EXTRA'S
MUSHROOMS R6
CHEESE R8
BACON R15
EGG R6
EXTRA PATTY R35
CHIPS
SMALL R30
MEDIUM R45
LARGE R65
SAUCE
CHEESE R15
PEPPER R15
MUSHROOM R15
Special DISHES
HOMEMADE MEAL OF THE DAY
Monday-Thursday
ORDER BEFORE 13:00
ONLY R75.00 PER PLATE
CURIOUS WHAT'S COOKING? GIVE US A CALL TO FIND OUT THE MEAL OF THE DAY AND PLACE YOUR ORDER!
HOMEMADE GOODNESS, READY FOR YOU.
GATSBY'S
AVAILABLE IN HALF OR FULL SIZES
HALF FULL
FULL HOUSE STEAK R130 R230
STEAK R115 R210
CHICKEN R110 R200
RUSSIAN R105 R190
CALAMARI R150 R275
LUNCH SIZE FULL HOUSE GATSBY R80
CALL US NOW TO PLACE YOUR ORDER AND SATISFY YOUR CRAVINGS! LET US KNOW WHAT YOU'D LIKE, AND WE'LL HAVE IT READY FOR YOU! 0628731193
12 MARK ST, GANSBAAI, 7220

Ikigai-tuin steel die besoekers se asems



Elsa van Zyl, eienaar van Ikigai-tuin en Marieta van Heerden, voorsitter van Gansbaai Tuinklub.

"Die besoekers se asems is weggeslaan deur die pragtige Ikigai-tuin van Elsa van Zyl in Kleinbaai," vertel Marieta van Heerden, voorsitter van die Gansbaai Tuinklub. Dit was Saterdag, 31 Oktober 2026, Gansbaai Tuinklub se eerste Ope Tuindag, wat voortaan 'n jaarlikse instelling sal wees.

Die op-en-wakker tuinbouspan het 'n interessante en propvol program vir hierdie spesiale dag saamgestel. Die volgende items is aangebied: *Michelle May Fourie van Izinki Art Studio het 'n demonstrasie gegee oor hoe om 'n protea te skilder; *'n Proteaskildery is opgeveil; *Armand Aucamp het die gelukkige trekking behartig; *Ed Meyer, voorsitter van die Hermanus Voëlklub, het 'n baie insiggewende praatjie oor voëls en hul habitat in Overstrand-tuine gelewer; *Careen Fourie van Protea Flora het 'n fynboskransdemonstrasie aangebied waaraan almal kon deelneem.

"Die dag was 'n enorme sukses, en volgende jaar gaan dit nog groter wees," vertel Marieta. Sy sê dat alle fondse wat gedurende die dag ingesamel is, aangewend sal word vir die totstandkoming, instandhouding en opknapping van die dorp se ingangstuine. "Die Gansbaai Tuinklub bring ons gemeenskap bymekaar om openbare ruimtes te verfraai, inheemse plantegroei te bewaar en 'n liefde vir tuinmaak regoor die Overstrand te kweek," sê Marieta. Die klub is in Februarie 2024 deur Carla Gouws gestig - wat van krag tot krag gegroei het met lede wat hulle beywer vir die verfraaiing van Gansbaai en die bewaring van die inheemse flora van die Kaapse Blommeryk.

Enkele suksesvolle projekte wat die klub reeds aangepak en afgehandel het, en wat vandag duidelik sigbaar is, sluit die volgende in: *die ingang na De Kelders vanaf Guthriestraat; *die ingang na Stanford's Cove in Covelaan; *die ingang na Perlemoenbaai in Parkstraat; *die sypaadjie op die hoek van Franken- en Hoofstraat; *die sypaadjie langs Hoofweg by die bekende Great White Junction; *die opknapping van die gemeenskapspeelpark tussen De Wetstraat en Heideroad; *die tuin by Blompark, oorkant die ingang van Gansbaai Academia. Besoek gerus hulle omvattende webtuiste, www.gansbaaituinklub.co.za, waar die detail van hulle projekte besigtig kan word.

Lidmaatskap van die Gansbaai Tuinklub is oop vir enigeen wat in tuinbou belangstel en die klub se doelstellings ondersteun. Die jaarlikse ledegeld beloop R100. Navrae kan per WhatsApp aan die voorsitter, Marieta van Heerden, by 084 978 6319 gerig word.
(*Foto's: Edith Kennedy*)

Hardus Botha



Opgewekte lede, met Carla Gouws, stigter van Gansbaai Tuinklub, regs.



Careen Fourie van Protea Flora demonstreer die maak van fynboskransies.



Michelle May Fourie van Izinki Art Studio demonstreer protea-skilderwerk.

OVERSTRAND
MUNICIPALITY / MUNISIPALITEIT / UMASIPALA

NOTICE IS HEREBY GIVEN that an **INAUGURAL MEETING** of the **OVERSTRAND MUNICIPAL COUNCIL** will be held in the **AUDITORIUM, CIVIC CENTRE, HERMANUS,** on **THURSDAY, 19 NOVEMBER 2026** at **10:00.**

KENNIS GESKIED HIERMEE dat 'n **INHULDIGINGSVERGADERING** van die **OVERSTRAND MUNISIPALE RAAD** gehou sal word in die **OUDITORIUM, BURGERSENTRUM, HERMANUS** op **DONDERDAG, 19 NOVEMBER 2026** om **10:00.**

ISAZISO NGENTLANGANISO YOKUNGENISWA KWEBHUNGA lika Masipala ezaku banjelwa **KWI HOLO LIKA MASIPALA** kwizakhiwo ze Bhunga, **NGOLWESINE umhla we 19 NOVEMBA 2026 NGENTSIMBI YESIHLANU (10:00).**

ACTING MUNICIPAL MANAGER / WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER / LOMPHATHI KAMASIPALA OBAMBELEYO
NOTICE/KENNISGEWING/ISAZISO 227/2026

Hierdie allemintige kabeljou van 42,4 kg is Woensdag, 4 November 2026, deur twee jongmanne gevang - vanaf 'n roeibootjie waarmee hulle die see aangedurf het! Die breedglimlaggende jongmanne is Martin Abrahams en Shiwaan Fortuin. "Net toe ons wou oppak om terug te keer, toe vat hierdie bielie die hoek - ons het eers gedink dis 'n haai wat aan die hoek gevat het!" vertel hulle.

Hardus Botha





Gans Berg Nuus/News
Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Hermanus, Stanford



Gansbaai Gholfklub: Leon triomfeer in Maandelikse Houespel

Leon Lombaard klop die res van die spelers in Saterdag, 7 November 2026 se Maandelikse Houespel, met drie Spog Twee's wat in dieselfde kompetisie deur Bev Swart, J Joubert en C Mouton aangeteken word.


Bev Swart.


Leon Lombaard.


Pero Heyns.

Woensdag, 4 November:
Bev Swart wen die Sloegters Enkel Stableford kompetisie met 39 punte, gevolg deur Johan Coetzee 39, Rene Myburgh 36, Marietjie de Villiers 36, Clive Bailey 36, Peet Pretorius 34, Willem Germishuys 33, Corrie Avenant 32, Hugo Groenewald 32 en Andre Hage 31.
Spog Twee's: Corrie Avenant (2), Clive Bailey (2) en Rene Myburgh (17).
Naaste aan pen no 15 (geel): J Bezuidenhout.

Vrydag, 6 November:
Pero Heyns wen die 9-putjie Enkel Stableford kompetisie met 21 punte, gevolg deur Sakkie van der Merwe 20, Koos Myburgh 18, Jacobus Bothma 16, John Smith 15, Christi Thompson 12 en Deon Momberg 10.

Saterdag, 7 November:
Leon Lombaard wen die Maandelikse Houespel met 67, gevolg deur Elmar Venter 72, Bev Swart 72, Cobus Dippenaar 72, Marietjie de Villiers 73, Peet Pretorius 74, Deon Coetzee 74, Clive Bailey 75, Alfred Horne 75 en Gavin Flint 76.
Spog Twee's: J Joubert (2), C Mouton (8 & 11) en Bev Swart (2).
Naaste aan pen no 11 (geel): C Mouton.

Saterdag, 14 November:
Family Church Gholf Borgdag, met die formaat as 'n 4BBB Stableford (Preferred Drive).

Verjaarsdae:
Hagen Loxton (14de) en Marie Fourie (15de).

Groete,
Johan Coetzee 082 878 0534

Poco Musica se vyf jong musikante presteer uitstekend

Vyf van Gansbaai se Gansies, wat deel is van die Poco Musica-musiekskool onder leiding van Asanti Smit, het gedurende Oktober 2026 hul eksterne musiekeksamens by Die Musiek Akademie SA afgelê. Hulle het met vlieënde vaandels geslaag en uitstekende prestasies behaal - voorwaar 'n groot bron van trots vir Gansbaai! Drie kandidate het hul Graad 1-klaviereksamen afgelê. Skye Booysen en Hanro Coetzer het albei Ererolle verwerf, terwyl Liahné Otto met 'n Goue Ererol weggestap het.


Agter staan Skye Booysen, Hanro Coetzer, Liahné Otto en Vera du Plessis, met Eben du Plessis voor.

Dit was die eerste jaar waarin klaviereksamens met klankbane vereis is, wat 'n groot nuwe uitdaging en ervaring vir die kandidate gebied het. Twee blokfluitkandidate, Eben du Plessis en Vera du Plessis, het hul Graad 2-eksamens afgelê en albei met Goue Ererolle weggestap. Sonder twyfel is dit skitterende prestasies wat getuig van harde werk en baie ure se oefening agter hul instrumente!

Die onderskeie eksamens het verskeie afdelings ingesluit, naamlik bladlees, gehoortoetse, ritmiese oefeninge saam met klankbane, akkoordkonstruksies, arpeggio's (blokfluit), die toepassing en kennis van improvisasietegnieke, asook verskillende eksamenstukke, waaronder ensemblespel ingesluit is. Kandidate moes ook feitelike inligting oor die stukke, definisies en musiekstukke wat saam met klankbane aangebied is, bemeester. Baie geluk aan hierdie vyf jong musikante met hul besondere prestasies! Hulle het beslis ook in die proses waardevolle lesse oor deursettingsvermoë en die hantering van frustrasie geleer. “Ons almal is geweldig trots op julle! Hou aan woeker met jul groeiende talente wat reeds so mooi ontwikkel het,” het Asanti gesê.

Asanti bied ook slagorkes (vir kinders van 5 tot 7 jaar), junior- en seniorsanggroepies, asook snaargroepe (kitaar en ukulele) aan. “Kom ondersteun gerus laasgenoemde groepe en nog van ons dorp se musiekkinders tydens hul optrede by die Jeug-Kerssangdiens op Sondag, 29 November 2026 om 17:00 in die NG Kerk-gebou,” lui Asanti se uitnodiging. “Dit is besonders om ons kinders so in aksie te sien en die vreugde van musiek (en Kersfees) te deel!”

Hardus Botha

Office National
Contact us to order your Personalised Rubber Stamps. We offer an on-site service

028 313 0003
22 Arum Street, Industrial Area, Hermanus 7200
hermanus@officenational.co.za
www.hermanusofficenational.co.za